

**VOEDING!!**

Die behoefte vir voeding raak al hoe groter. Dankie aan diegene wat alreeds hulp aangebied het.

Ons voedingsprojek is in drie dele verdeel.

1.**Toebroodjies:** Enige ekstra broodjies vir pouses sal waardeer word. Stuur dit asseblief na Me. Van Rooyen se klas. Ons vra GROOT ASSEBLIEF ondersteun die projek en stuur 'n pakkie toebroodjies.

2.**Neem 'n gesin aan**: Met hierdie projek vra ons vir 'n skenking weekliks op Dins- en Donderdae van 1x brood; 1x ½ dosyn eiers en 2L melk. Hierdie kan in die personeelkombuis afgelewer word. (Sien skeurstrokie).

**3. Skenking van kos vir die voedingskombuis:**

Gr. RR en R: Enige stysel; rys, pap, meel, pasta, ens.

Gr. 1 en 2: Enige vleiserigheid; tuna, visblikkies, soya maalvleis, ens.

Gr. 3 en 4: Blikkieskos; groentes, bone

Gr. 5: Tee, koffie, sop, suiker, ens.

Gr. 6: Seep, tandepaste, ens.

Gr. 7: Enige vars produkte; melk, brood, groente, vrugte, ens.

Bogenoemde is riglyne, ouers kan egter na goed denke bydra soos u wil.

Kom ons wees omgee Pieries met omgee harte. Alle hulp word waardeer.

---

**AFSKEURSTROKIE VOEDING O/B 11/2021**

**NEEM 'N GESIN AAN**

Ek, ____________________________________________ is bereid om vir die jaar 'n gesin aan te neem en die nodige voorraad by die skool af te lewer.

KONTAKNOMMER : _________________________________

www.laerskoolpierneef.co.za

# LAERSKOOL PIERNEEF

Pierneefstraat 940, Villieria, 0186 • Posbus 26042, Gezina, 0031 • ☎ (012) 329-2369 • (012) 329-2383

STAAN VAS

## Omsendbrief 11/2021
## 3 Mei 2021

**1. VERWELKOMING VAN PERSONEEL**

- Me. Danielle van Rooyen word in Pierneef geledere verwelkom as ons nuwe "Omgee Tannie" in die plek van Me. Anschell Pieterson wat 'n pos aanvaar het by 'n tersiêre instansie en meer betrokke gaan wees by die opleiding van Terapeute. Ons glo en vertrou dat Tannie Danielle dit sal geniet by Laerskool Pierneef.
- Me. Miekie van Niekerk gaan waarneem in Me. Janine van Rooyen (Gr. 1 VJS) se plek, wat binnekort op bevallingsverlof gaan.
- Baie welkom terug aan Me. Sonja Roos. Ons het jou baie gemis!

**2. NUWE TYDVLAK IN LAERSKOOL PIERNEEF SE GESKIEDENIS.**


Dit is met groot opgewondenheid dat ons bekend kan maak dat die Departement dit goed gedink het om 'n LSOB/LSEN klas (Leerders met Spesifieke Onderwys Behoeftes) in te stel by L/S Pierneef. Die klas is spesifiek vir leerders wat hul vasloop in die gewone hoofstroomonderwys en wat deur 'n hele toetsingsproses gaan alvorens hulle in 'n LSOB klas geplaas kan word. Ons glo dat dit die breër gemeenskap gaan baat vind hierby, aangesien die naaste ander LSOB instansie by L/S Wonderboom-Suid en Boerefort is. Die klas mag ook nie meer as twintig leerders akkomodeer nie en die leerders volg 'n baie spesifieke kurrikulum ter voorbereiding vir latere voorberoepsskole.

3. Die LUR van Departement van Onderwys van al die provinsies vergader Donderdag en Vrydag om te besluit oor die terugkeer van al die leerders by skole.




**MOEDERSDAG**

Daar sal hierdie week Moedersdag-persentjies langs die snoepie verkoop word gedurende eerste pouses. Bring 'n geldjie saam en koop ietsie baie spesiaal vir die mammas in jou lewe!



**NETBAL**

Netbal-oefening vind plaas Maandae en Woensdae volgens groepverband. Dinsdae en Donderdae oefen die hele netbalspan.

# Mei 2021

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| 2 | 3 **Groep 1** Maandag Rooster | 4 **Groep 2** Maandag Rooster | 5 **Groep 1** Dinsdag Rooster | 6 **Groep 2** Dinsdag Rooster | 7 **Groep 1** Woensdag Rooster | 8 |
| 9 | 10 **Groep 2** Woensdag Rooster | 11 **Groep 1** Donderdag Rooster | 12 **Groep 2** Donderdag Rooster | 13 **Groep 1** Vrydag Rooster | 14 **Groep 2** Vrydag Rooster | 15 |
| 16 | 17 **Groep 1** Maandag Rooster | 18 **Groep 2** Maandag Rooster | 19 **Groep 1** Dinsdag Rooster | 20 **Groep 2** Dinsdag Rooster | 21 **Groep 1** Woensdag Rooster | 22 |
| 23 | 24 **Groep 2** Woensdag Rooster | 25 **Groep 1** Donderdag Rooster | 26 **Groep 2** Donderdag Rooster | 27 **Groep 1** Vrydag Rooster | 28 **Groep 2** Vrydag Rooster | 29 |
| 30 | 31 **Groep 1** Maandag Rooster | | | | | |

**MINI NETBAL**

Ons begin vandag met oefening

Maandae tot Donderdae

0/6 by Juf. Meranda en Juf. Verna (12:30-13:30)

0/7 by Juf. Maretha en Juf .Marianka (13:00-14:00)

0/8 by Juf. Maryke en Juf. Anja (13:00-14:00)

0/9 by Juf. Madri en Juf. Shanelle (13:30-14:30)

Sosiale afstand sal gehandhaaf word, hande word gesaniteer voor en na oefening en temperatuur sal gemeet word voor en na oefening.

Geen toeskouers.

**RUGBY-OEFENING**

Rugby-oefening gaan hierdie week voort soos verlede kwartaal.

0/9, 0/10, 0/11,0/12 en 013 oefen vanaf 14:00 tot 15:00.

Onthou dat leerders slegs oefen volgens die dae wanneer hul by die skool is, volgens die groepsindeling.




Wen 'n Moedersdag-bederfboks ter waarde van R7150-00! Koop jou lootjiekaartjie by jou voogonderwyser vir slegs R10-00 en beantwoord die vraag wat op die kaartjie/looitjie ingevul moet word! "Wat is die waarde van die Moedersdag bederfboks?"

**BAIE DANKIE**

Baie dankie aan al die prefekouers en prefekte vir die heerlike verrassing waarmee die personeel bederf was op die eerste dag van die nuwe kwartaal.



**FOTO'S**

Die foto bestellingsvorm vir die individuele foto's asook vir die klasfoto's is reeds verlede kwartaal uitgestuur. Die bestellingsvorms saam met die korrekte bedrag kan by hul voogonderwyser ingehandig word.

Geen elektroniese inbetalings in die skool se rekening nie asseblief.

**SENIORKOOR**

Die koor oefen elke Woensdag 14:00 tot 15:00. Leerders van beide groepe 1 en 2 oefen. COVID-19 protokol sal streng toegepas word.

**JUNIORKOOR**

Juf. Corli herinner die Grondslagfase leerders om hul kooroudisiebriefies op die laatste Woensdag by haar in te handig.